

Welkom by NG The Reeds

Veilige hawe vir nuwe hoop

*Die gevaar en krag
van my eie storie*

Genesis 37





Flam 6

Heer Jesus, my Redder,
Heer, daar is niemand soos U.
Laat elke dag, als wat ek doen,
vol wees van u liefde, Heer.

My skuilplek, my trooster,
veilige vesting van krag.

Met hart en stem, als wat ek het,
bring ek aan U ewig eer.

Kom laat ons juig,
kom ons sing voor die Here.
Sing van sy mag,
van sy grootheid en krag.
Berge buig neer
en die see ruis saam
by die aanhoor van sy Naam.

Ek wil U prys,
want U is my Skepper.
Ek wil U loof en my lewe lank eer.
Niks vergelyk met u liefde
en sorg vir my.

Genesis 37



Flam 318

Nader tot die Here,
nader tot die Here.

Hy sal getrou, ook nader tot jou
nader tot die Here.

Naby aan ons Here,
naby aan ons Here.
Waar twee of meer
in u Naam verkeer,
is U naby aan ons Here.

Ek nader tot U, Here,
ek nader tot U, Here.

Hier, deur u Gees,
wil U by my wees,
ek nader tot U, Here.

Ek nader tot U, Here,
ek nader tot U, Here.

Hier, deur u Gees,
wil U by my wees,
ek nader tot U, Here.
U is naby aan ons Here.
Ons nader tot die Here.

Genesis 37



- 1. Jakob het in Kanaän gebly, die land waar sy voorvaders ook as vreemdelinge gebly het. 2. Hier volg die familiegeskiedenis van Jakob. Josef was nog jonk, sewentien, toe hy kleinvee opgepas het saam met sy broers, die seuns van Bilha en Silpa, sy pa se vrouens. **Josef het slegte stories oor sy broers by hulle pa aangedra.** 3. **Van al sy seuns was Israel die liefste vir Josef, die seun wat in sy ouderdom gebore is, en daarom het hy vir Josef lang klere met moue gemaak.** 4. Toe sy broers sien dat hulle pa vir Josef liewer het as vir enige van hulle, **het hulle 'n afkeer van Josef gekry** en het hulle niks goeds oor hom gesê nie. 5. **Op 'n keer het Josef gedroom en dit vir sy broers vertel. Daarna was hulle afkeer van hom nog groter.** 6. Hy het vir hulle gesê:

“Luister na die droom wat ek gehad het. Ons was op die land besig om gerwe te bind 7. en skielik gaan staan my gerf regop en julle gerwe gaan staan daar rondom en hulle buig voor myne.” 8. Toe sê sy broers vir hom: “Jy verbeel jou jy sal oor ons koning word. Dink jy dalk jy sal oor ons regeer?” **Oor sy drome en sy praatjies het hulle 'n nog groter afkeer van hom gekry.**

9. Hy het ook nog 'n ander droom gehad en hy het dit vir sy broers vertel. Hy het gesê: *“Ek het weer gedroom. Die son en die maan en elf sterre het voor my kom buig.”* 10. Toe hy dit vir sy pa en sy broers vertel, het sy pa hom berispe en vir hom gesê: *“Wat vir 'n soort droom is dit wat jy gehad het? Verbeel jy jou ek en jou ma en jou broers moet voor jou kom buig?”* 11. Sy broers was afgunstig op hom, en sy pa het aan die droom bly dink.

- 12. Josef se broers het hulle pa se kleinvee gaan oppas in Sigem. 13. Toe sê Israel vir Josef: “*Kyk, jou broers pas die kleinvee op in Sigem. Ek wil jou na hulle toe stuur.*” Josef het geantwoord: “Goed, Pa!” 14. Toe sê Israel vir hom: “*Gaan kyk of alles nog reg is by jou broers en met die kleinvee en kom vertel my alles.*” Israel het hom van die laagte by Hebron af gestuur na **Sigem** toe. 15. Hy het daar in die veld rondgesoek, en toe kom 'n man by hom en dié vra vir hom: “*Wat soek jy?*” 16. Josef antwoord hom: “*Ek soek my broers. Kan jy my dalk sê waar hulle die kleinvee oppas?*” 17. Toe sê die man: “*Hulle het van hier af versit. Ek het gehoor hulle sê hulle wil na **Dotan** toe gaan.*” Josef is toe agter sy broers aan en hy het hulle by Dotan gekry. 18. Hulle het hom al van ver af gesien en voor hy by hulle gekom het, het hulle ooreengekom om hom dood te maak. 19. Hulle het naamlik vir mekaar gesê: “.” *Kyk, daar kom die ou dromer aan. 20. Kom ons maak hom dood en gooi hom in 'n put. Ons kan sê 'n roofdier het hom opgevrete. Dan sal ons sien wat word van sy drome*

..... 23. Josef het skaars by sy broers aangekom of hulle **trek sy klere uit, die lang klere met moue wat hy aangehad het,**
24. en vat hom en gooi hom in die put. Dit was 'n droë put, sonder water... 26. Toe sê Juda vir sy broers: *“Watter nut het dit vir ons om ons broer dood te maak en dit dig te hou? 27. Kom ons verkoop hom aan die Ismaeliete. Ons moenie sy lewe neem nie, hy is ons broer, hy is bloedfamilie.”* Juda se broers het na hom geluister, 28. en toe daar van die Midianitiese handelaars verbykom, het die broers vir Josef uit die put uit opgetrek en vir twintig stukke silwer aan die Ismaeliete verkoop en dié het hom Egipte toe gevat...

31. Maar sy broers het 'n boklam geslag en die klere van Josef gevat en in die bloed gedoop. 32. Toe stuur hulle Josef se klere met 'n boodskap vir hulle pa: “*Ons het dit opgetel. Kyk of dit dalk u seun se klere is.*” 33. Israel het dit herken en gesê: “*Dit is my seun se klere. 'n Roofdier het hom opgevreet. Josef is opgevreet!*” 34. Jakob het sy klere geskeur en rouklere aangetrek. Hy het lank oor sy seun getreur. 35. Al sy kinders het vir Jakob probeer troos, maar hy wou hom nie laat troos nie. Hy het gesê: “*Ek sal bly treur oor my seun tot ek by hom in die dood is.*” So het Josef se pa bly treur oor hom. 36. Die Midianiete het vir Josef in Egipte aan Potifar verkoop.

A person is seen from behind, standing inside a large, transparent bubble. The bubble is set against a background of a sunset or sunrise over a body of water, with a rainbow visible in the sky. The person is wearing a light-colored long-sleeved shirt and dark shorts. The text is overlaid on the bubble.

*“My lewe val
uitmekaar uit...”*

My leefwêreld
word gevorm
deur my grootwordjare
“bubble”

In die Bybel vind ons 'n mooi voorbeeld hiervan



Hierdie deel van die Jakob-storie
fokus op een van sy kinders - Josef

Josef se lewe het
glad verloop...

Verkoop in
Egipte (36)

...loop hom vas
teen afguns &
haat van broers



Doodloopstraat
Oog-oopmakert

Wat op aarde
maak ek hier?
Hoe het ek hier
gekom?

Gestroop -
vra hy vrae:

Wie is ek? Waar
kom ek vandaan?
Wat nou?



Grootwordjaret

A person in a white long-sleeved shirt and dark shorts stands inside a large, transparent glass bubble. The bubble is positioned in the center of the frame, and the person is seen from behind, looking out towards a dramatic sunset or sunrise. The sky is filled with dark, swirling clouds, and a bright, golden light emanates from the horizon, creating a strong lens flare effect that radiates across the scene. The overall mood is contemplative and surreal.

Dis dikwels eers
in ons “Egipte”, ons
doodloopstrate
waar ons “bubble”
bars

Drie goed word van Josef gesê


Dromer



Storiedraer




Witbroodjie



—

Gevolge:
Broers het
‘n afkeer in
Josef gekry

“moord” &
verkoop



Die groot
vraag van
Josef-storie:

Waar is God
in hierdie
storie?



Die groot
vraag van
Josef-storie:

Waar is God
in hierdie
storie?

- Keer nie dat Jakob Josef voor-
trek nie...
- Keer nie vir Josef om arrogant
op te tree nie...
- Keer nie die broers om Josef
te haat, te verkoop, hul pa te
bedrieg en bereid te wees om
daarmee saam te leef nie.

Wanneer
mens egter
terugkyk...

... besef jy dat
God al die tyd
agter die skerm
gewerk het

- **Skielik sien jy goed raak in die storie:** drome, man wat vir Josef vra wat hy soek, hoekom handelaars op pad is na Egipte toe (toevallig)?
- Tsv. tragiese verhaal – menslike planne kan nie God se plan stop
- Eers toe Josef van sy “ou”- ID gestroop is - toe was hy gereed

A person is seen from behind, standing on a sandy beach and looking out at the ocean. The sky is filled with dramatic, dark clouds, and the sun is low on the horizon, creating a warm, golden glow. The person is wearing a light-colored long-sleeved shirt and dark shorts. The overall mood is contemplative and serene.

Niks uit my verlede
kan keer dat God
my kan gebruik

God wil ook ons
“ou” ID uittrek
en nuwe ID gee

Is dit toevallig dat
die Josef-storie só
na Jakob verwys

Ook 'n
waarskuwing:

Ons kan tsv. ons
nuwe ID in Christus
God miskyk &
verkeerd optree



Jou lewenstorie het jou gevorm



Ons is nooit 'n
slagoffers van ons
lewenstories nie

My nuwe ID in
Christus breek
die siklus



The cycle ends with me.



End the cycle



Don't pass on what was never
yours to carry.



Leer om jou storie altyd in die lig van die groter prentjie/ God se plan te sien

- Wat is vir God nou belangrik?
- Wie roep God my om nou te wees?
- Wat sal God se karakter nou weerspieël?
- Wat kan ek doen om vrede, waarheid en herstel te bevorder?




Terugkyk leer
my om God se
plan te sien

Trek tydlyn



In my “*bubble*”



The image features a person standing inside a large, transparent, dome-shaped structure, possibly a geodesic dome or a large bubble. The person is seen from behind, wearing a white t-shirt and dark shorts. The background is a dramatic sunset or sunrise with warm orange and yellow light reflecting off the water or ground. The text is overlaid on the image, with the first part in yellow and the second part in white.

Die gevaar en krag
van my eie storie –
waar is God dan
in my storie?



Flam 121

1. Keuses, besluite, deure en spieëls.
Wetes, betwyfel, hoe bly ek heel?
Stilte en donker drome verdwaal
Ek kies die rigting en ek sal betaal

Refrein:

Leer my, help my
U weet die beste, Here
Wys my die pad wat ek moet loop
Lei my, stuur my
U sien die groter prentjie
Wys my die pad wat ek moet loop

2. Beelde, geluide net eggo's kom terug
Emosies of feite en ek draai my rug
Kers in die donker U het my kom haal
U ken die rigting en U het betaal

Refrein:

Leer my, help my
U weet die beste, Here
Wys my die pad wat ek moet loop
Lei my, stuur my
U sien die groter prentjie
Wys my die pad wat ek moet loop

Brug:
Hier voel ek veilig
U sorg vir my
U is my lewe, Here
Altyd by my

Refrein:

Leer my, help my

U weet die beste, Here

Wys my die pad wat ek moet loop

Lei my, stuur my

U sien die groter prentjie

Wys my die pad wat ek moet loop

